# Hoofstuk van die dag: Prediker 1

> *Sinloos, volslae sinloos, sê Prediker, sinloos, volslae sinloos; alles is sinloos! (vers 2, 2020-vertaling)*

Ons weet nie wie die skrywer van die boek is nie. Hy gebruik Salomo as sy mondstuk, waarskynlik omdat koning Salomo bekend

was daarvoor dat hy ’n baie wyse man was. Waarskynlik is die boek heelwat later as die tyd van koning Salomo geskryf.
Om die gedagtegang van die prediker te volg, is dit belangrik om die sleutel wat hy gebruik, raak te sien – “onder die son” (2020-vertaling) of “in hierdie wêreld” (1983-vertaling) is ’n uitdrukking waarmee hy die lewe beskryf waarin God nie teenwoordig is nie (bv. vers 3,9,14 …)
Die prediker kyk na die wêreld om hom en kom tot die gevolgtrekking dat alles sinloos of tevergeefs (1953-vertaling) is. Die lewe is soos ’n damp wat jy probeer vasgryp, maar op die ou end sit jy met leë hande. Die lewe is vlietend, vlugtig, verganklik. Dit kom tot niks (1983-vertaling). Dís hoe die wêreld geword het ná die sondeval.
Daar is ook ’n ander opsie: om die lewe as ’n gawe uit die hand van God te geniet (2:24).
Ons kan nie van die vlietendheid van die lewe ontsnap nie, maar ons kan wel kies hoe ons dit leef.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026